higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1170**(A)**(J11)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

HANDELSREG N4

(13030094)

11 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
HANDELSREG N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is VERPLIGTEND en moet deur ALLE kandidate beantwoord word.

2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.

3. Lees AL die vrae deeglik deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskillende opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende stellings. Kies die antwoord en skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ... is wanneer die twee partye ooreenkom om die bestaande ooreenkoms tussen hulle te beëindig en om 'n nuwe een op te stel in die plek van die ou ooreenkoms.

A Afstanddoening
B Skuldvermenging
C Skuldvernuwing
D Wedersydse ooreenkoms

1.1.2 ... handel oor die persoonlikheid van die individu.

A Personereg
B Familiereg
C Reg van individualiteit
D Strafreg

1.1.3 Watter een van die volgende stellings met betrekking tot 'staatsreg' is korrek?

A Bestaan uit die reëls wat betrekking het op die pleeg van en straf vir 'n misdaad deur die staat
B Dit is 'n versameling reëls wat definieer wat die staat is, wat sy samestelling is, sy bevoegdhede en funksies, en hoe die verskillende staatsdepartemente funksioneer.
C Het betrekking op die struktuur, bevoegdhede en funksies van die staatsdepartemente en sê vir ons hoe die staatsadministrasie werk.
D Het betrekking op die verhouding tussen nasies/lande

1.1.4 Watter een van die volgende opsies ten opsigte van die vereistes vir 'n geldige aanbod is korrek?

A Die aanbod moet duidelik, ondubbelsinnig en presies gemaak word.
B Dit moet moontlik wees om die aanbod uit te voer.
C Die aanbod moet aan die geadresseerde oorgedra word.
D Slegs A en B

1.1.5 Die transaksie waarvolgens die verkoper goedere aan die koper verkoop teen betaling van 'n verklaarde of bepaalbare som geld op 'n verklaarde of bepaalbare toekomstige datum

A Kredietontvanger
B Kredietverlener
C Kredietooreenkoms
D Paaiementverkoopstransaksie

1.1.6 Watter een van die volgende stellings is nie 'n voorbeeld van redelike dwaling ('reasonable mistake') nie?

A Regsdwaling
B Aard van die ooreenkoms
C Aard van die subjek/voorwerp
D Eienskappe van die onderwerp/subjek ('subject matter')

1.1.7 'n Derde persoon verkry okkupasie en die reg om die huureiendom te gebruik van die huurder, terwyl die huurder nog steeds vir sy/haar pligte aanspreeklik is.

A Sessie
B Onderverhuring
C Toedeling/Oordrag ('Assignment')
D Delegasie

1.1.8 ... is 'n wedersydse ooreenkoms waarvolgens een persoon, die verkoper, onderneem om 'n saak aan 'n ander persoon, die koper, te lewer, en vrye besit daarvan waarborg in ruil vir 'n bepaalde bedrag geld.

A Kredietooreenkoms
B Geldige kontrak
C Verkoopkontrak
D Koopprys

1.1.9 ... is 'n kontrak om 'n saak te gee in ruil vir geld.

A Dienskontrak
B Koopkontrak
C Huurkontrak
D Prys

1.1.10 Die dienskontrak kan op verskillende maniere beëindig word.

A Verloop van tyd
B Dood van werknemer
C Oneerlikheid
D Wedersydse ooreenkoms

Kopiereg voorbehou

1.1.11 Watter een van die volgende is NIE 'n voorbeeld van 'sakereg' nie?

A Eiendomsreg
B Kontraktereg
C Deliktereg
D Huweliksgoedereg

1.1.12 Die skuldenaar weier om sy of haar deel van die transaksie na te kom.

A Repudiasie
B Mora debitoris
C Positiewe nienakoming ('non-performance')
D Onmoontlikheid van prestasie

1.1.13 Watter een van die volgende is nie 'n verhuurder se plig nie?

A Ontvang die huur van die huurder
B Vergoed die huurder vir vaste toebehoorsels en verbeterings
C Moet die eiendom behoorlik versorg
D Moet vrye gebruik en genot van die eiendom aan huurder verskaf

1.1.14 Die kredietontvanger is daarop geregtig om die ooreenkoms eensydig te beëindig binne ... dae vanaf die datum waarop die partye die ooreenkoms gesluit het.

A 10
B 3
C 5
D 7

1.1.15 'n Wederregtelike/onwettige/onregmatige ('illegal') kontrak wat ingevolge 'n dwaling aangegaan is, het geen uitwerking op die geldigheid van 'n kontrak nie en is ...

A vernietigbaar
B geldig
C onafdwingbaar
D nietig

(15 × 2) (30)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A-K) langs die vraagnommer (1.2.1-1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Volle handelingsbevoegd-heid	A	persoon kan slegs 'n bindende ooreenkoms sluit wanneer hy of sy heeltemal nugter is, so nie is die kontrak nietig
1.2.2	Handelsreg	B	persoon onder die ouderdom van 21 jaar
1.2.3	Ontbindende voorwaarde	C	verhouding tussen staatsdepartemente en die publiek
1.2.4	Stilswyende emansipasie	D	persoon wat sake doen in vyandige gebied mag nie in eie howe dagvaar nie en alle sake-aktiwiteite is verbode
1.2.5	Dienaar ('servant')	E	doen 'n betrokke stuk werk en moet sy/haar eie middele verskaf om die werk te doen
1.2.6	Minderjarige	F	reël wette oor saketransaksies in die handel en nywerheid
1.2.7	Voetstootsverkoping	G	koper moet voorwaarde nakom om verlies of risiko van kansellasie deur verkoper te voorkom
1.2.8	Dronk persoon	H	persoon ouer as 21 jaar
1.2.9	Staatsreg	I	koper aanvaar goedere met al hul foute en gebreke sonder enige waarborg.
1.2.10	Vreemde vyande ('alien enemies')	J	werk onder toesig of direkte instruksies en beheer van 'n werkgewer
		K	minderjarige word deur sy voog toegelaat om sake te doen of enige ander beroep namens homself/haarself en vir sy/haar eie rekening

(10 × 2) (20)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Noem DRIE gevalle wanneer 'n kontrak nietig kan wees en gee voorbeelde van elkeen. (6 × 2) (12)

2.2 Noem VYF gevalle waar die verkoper nie vir verborge gebreke verantwoordelik is nie. (5 × 2) (10)

2.3 Noem VIER kenmerke van 'n onafhanklike kontrakteur. (4 × 2) (8)

2.4 'n Volledige ooreenkoms beteken 'n ooreenkoms wat bestaan uit 'n aanbod en aanvaarding van die aanbod.

Met betrekking tot bogenoemde stelling, noem SES vereistes vir 'n geldige aanbod. (12)

2.5 Noem AGT maniere waarop 'n huurkontrak beëindig kan word. (8)
[50]

VRAAG 3

3.1 Noem VYF gevalle wanneer die koper nie die actio redhibitoria kan gebruik nie. (5 × 2) (10)

3.2 Verduidelik in besonderhede wat die stilswyende pligte van 'n huurder is. (10 × 2) (20)

3.3 Verduidelik kortliks die verskillende tipes konstruktiewe lewering wat van toepassing is op roerende eiendom. (5 × 4) (20)
[50]

VRAAG 4

4.1 Noem DRIE pligte van 'n koper. (3 × 2) (6)

4.2 Onderskei tussen die TWEE partye wat by 'n kredietooreenkoms betrokke is. (4 × 2) (8)

4.3 Noem VYF vorms van kontrakbreuk. (5 × 2) (10)

4.4 'n Kontrak kan op verskillende maniere beëindig word, waarvan die algemeenste manier is wanneer albei partye hul verpligtinge ingevolge die kontrak nagekom het.

4.4.1 Definieer die term *kontrak*. (2)

4.4.2 Verduidelik kortliks verskillende maniere waarop mens 'n kontrak kan beëindig. (8 × 3) (24)
[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Noem die VIER indelings van privaatreg. (4)

5.2 Noem NEGE redes waarom 'n werkgewer 'n werknemer summier sonder kennisgewing kan ontslaan of afdank. (9 × 2) (18)

5.3 Onderskei tussen *sielsieke* en *insolvente* persone. (14 × 2) (28)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL 200

Kopiereg voorbehou